

Skip in nood in volle see

189 Ek roep egter die engel en terwille van die gaste en leerlinge sê Ek hardop aan hom: "Daar bevind hom op see `n taamlik groot oordeckte skip met twintig manne en vroue, die agt skippers nie ingereken nie, in groot nood. Die skip het toe die storm opgesteek het, aan die ander oewer gelê, nie ver van Genesaret af vasgemeer nie, maar toe die storm draai en in krag toegeneem het, het hierdie skip wat vir die afvaart gereed gelê het, los geslaan van die oewer af en het dit met onweerstaanbare krag na die oop see gedryf. Die skippers en die reisigers het gedoen wat hulle kon, en het daarby bykans tot die einde van hul kragte gegaan om nie te sink nie. Nou staan dit op die punt om deur die see verswelg te word. Staan dus op en red hulle, - maar nie op `n manier wat vir hulle te onverstaanbaar sal wees nie! Maak `n boot los en vaar soos `n bedrewe loods die skip wat in nood is te hulp, en bring dit hierheen, want die skip was tog al vir Caesarea Philippi bestem!"

[2] Na My woorde verlaat die engel oombliklik ons geselskap, maak `n boot los - wat vol water gestaan het, maar dit het Rafael gou tot die laaste druppel oorboord gegooi - en vaar daarna so vinnig soos `n pyl die geweldige orkaan tegemoet, en bereik binne `n paar oomblikke die skip wat in nood verkeer.

[3] Toe die erg in nood verkerendes die loods sien, val hulle op hul knieë, dank Elohim en sê: "O, dit is geen normale loods nie! Dit is `n egte engel wat Elohim in antwoord op ons gebede gestuur het om ons te red! Hy sal ons almal sekerlik red!"

4] **Rafael** vra hulle vir die skyn: "Waar wil u heen in hierdie storm?"

[5] Die **in nood verkerendes** sê: "Ons wil na Caesarea Philippi, maar eers na die storm! Die storm het die skip egter weg van die oewer af geslaan en het ons met groot krag hierheen gedryf. Ons weet nie waar ons onself bevind nie, want deur die digte reën sien ons aan geen enkele kant `n oewer wat vir ons bekend voorkom nie. Moet ons nog ver gaan om ons doel te bereik?"

[6] **Rafael** sê: "Nie met hierdie wind nie, maar omdat die reën en die storm seker bykans nog `n halfuur kan aanhou, en u eers nog die hoë branding moet deur, waarin u reddeloos verlore sou wees, kom ek, die mees ervare en moedigste loods, om u en u skip na veiligheid te bring. - Is daar baie water in die skip?"

[7] **Die skippers** sê: "Behoorlik baie!"

[8] Maar na `n paar tellings het die water wat die skip binnegedring het, tot die laaste druppel verdwyn, en die **skippers** sê aan die vriendelike loods: "Maar dit is tog baie merkwaardig! Kyk eers, edele jong loods, ons het ons sover vergis, daar het

geen druppel water in ons goed oordeckte skip gedring nie! Eers het ons gedink dat ons, vreemd genoeg, wêl water in ons skip ontdek het, maar dit sou wel `n vergissing gewees het as gevolg van ons verstaanbare angs, want nou ontdek ons nêrens ook maar `n druppel water nie, wat tog werklik heel merkwaardig is. Ja, ja, alles wat JaHWeH doen, is wel altyd `n wonder, maar dit is tog wel ietwat vreemd dat daar nou met hierdie reënvloed geen druppel water in ons oordeckte boot te vinde is nie, en u oop boot nouliks nat is!"

[9] Toe sê **die reisigers** aan die groep skippers: "Praat tog nie soveel verniet nie! Dit is tog oorduidelik Elohim se barmhartigheid, waarvoor ons Hom allereers `n baie welgevallige dankoffer moet bring, en die jong, moedige loods is `n hemelse loods! Kyk net hoe die reën nog bakkevol uit die hemel val, en die golwe soos berge om ons heen oprys, terwyl ons skip sowel as sy boot so rustig voortswewe asof die see so glad is soos `n spieël, en nóg op ons skip, nóg op sy boot val daar ook maar één reëndruppel nie! Ook die bliksems suis en knal soos vrolike eendagsvlieë om ons heen, en geeneen van die blinkende en krakende bringers van die dood doen iets aan ons nie! Kyk, dit is `n genade, `n deur ons almal heeltemal onverdiende genade van bo!"

[10] **Die skippers** sê aan die reisigers: "Ja, ja - dit is so. Dit is `n wonder, dit is `n egte genade van bo! Ons is gered! Kyk daar! Ons sien die oewer al digby! `n Groot aantal mense staan ondanks die geweldige reën aan die oewer, en kyk, almal swaai ons al `n baie vriendelike welkom toe! O JaHWeH Elohim! Hoe groot en heerlik is U ook in die storm vir diegene wat U altyd geëer en geprys het, en U altyd met vreugde die voorgeskrewe offer gebring het! Ewige eer aan U heilige Naam alleen!"

[11] Na hierdie woorde vaar hulle langsaam na die oewer, en Ek gebied nou in die geheim die storm om homself in te hou en heeltemal op te hou.

[12] En vinnig hou alles op en dit word so rustig asof daar nooit `n storm was nie. Die skip bereik die oewer maklik en die reisigers word aan land gebring.

[13] Toe die reisigers aan land kom, ken hul verbasing geen grense nie toe hulle alles daar sien nie.

[14] Van die storm en die wolkbreek is niks meer te herken nie, die oppervlak van die see is so glad soos `n spieël en die hemel is wolkloos, slegs baie klein skaapwolkies tooi hier en daar in die rooi lig die blou agtergrond van die hemel. Want die son het reeds agter die berge verdwyn, en het op die aarde, daar waar ons onself bevind het, slegs `n heerlike aandskemering as aandgroet agtergelaat.

[15] Die oewer waar die reisigers aan land kom is heeltemal kurkdroog. Al die gaste wat by My aanwesig was, lyk baie opgewek en vriendelik, en ons

ou Markus ontvang hulle uitermate vriendelik, en vra ook dadelik of hulle dalk iets wou drink of eet, omdat hierdie stormagtige oortog hulle wel baie vermoei het.

[16] Kortom, dit het so 'n geweldige invloed op die reisigers gehad dat hulle van pure verbasing glad nie kon hoor of sien van wat daar om hulle gebeur nie.

Die Judeese koopmans uit Persië

190

Toe hulle 'n bietjie van hul buitengewone verbasing herstel het, vra **één van die reisigers**: "Waar is ons loods nou, sodat ons hom kan vra wat ons aan hom verskuldig is? Dit is tog beslis geen kleinigheid om hom aan so 'n gevaar bloot te stel om 'n skip met reisigers te red nie!"

[2] Maar toe kom die skippers na die reisigers toe en vra hulle of hulle vir die terugvaart 'n nag en 'n dag hier moet vertoef, en of hulle nou met 'n rustige see sal terugvaar na die ander oewer, wat in 'n reguit lyn nog altyd vyf tot ses uur van hierdie plek verwyder gelê het.

[3] Die reisigers deel die skippers egter mee dat hulle vir hulle moet wag tot hulle hulle dinge in Caesarea Philippi afgehandel het.

[4] **Markus** hoor dit en sê aan die reisigers: "Beste vriende! Om na die stad te gaan, kan julle julleself gevolglik bespaar, want van die hele stad bestaan daar niks meer as net 'n paar hutte van arme Judeërs en 'n hoeveelheid uitgebrande, verlate ruïnes nie! Gedurende die afgelope nag en in hierdie dag het sy die welverdiende en treurige prooi van die vlamme geword, en niemand het kans gesien om die vuur se meester te word nie!"

[5] As julle iets het om af te handel, moet julle dit nou maar hier doen, omdat die hoogste wêreldlike en ook geestelike outoriteite nou hulleself hier by my ophou!"

[6] Met die berig sit **die reisigers** 'n baie bedroefde gesig op en sê: "Vriend, in die geval sal ons ook hier baie weinig kan afhandel, ondanks die allerhoogste wêreldlike en geestelike menere wat hier aanwesig is! Want ons het belangrike handelsbetrekkinge met die Griekse kooplui van hierdie stad gehad, en hulle het baie by ons bestel, maar die hele laaste aflewering moet hulle nog betaal! Hoe kry ons nou ons geld?"

[7] Ons is gerekende bewerkers van sy en kameelhaar, ons het ook die fynste skaapwol kledingstukke in alle kleure gelewer, en geblomde stowwe vir allerlei tempelgewade. Hierdie laaste aflewering het 'n waarde van tienduisend pond silwer gehad. Hoewel ons Judeërs is en aan Jerusalem skatpligtig is, lewe ons in Persië, waar ons groot bedrywe het en ons was altyd goed en eerlik.

[8] Ons hou die wet van Moses in ons land strenger en presieser as alle Judeërs in Jerusalem, en ons bring die tempel altyd ryk offers. Ons onderhou by ons 'n sinagoge wat in alles, wat grootte en prag aanbetref, nie baie minder doen as die tempel nie!

[9] Vir al die armes wat die Mosaïese geloof toegeedaan is, is ons goeie en liefdadige mense, en ons het, soos bekend, altyd die beste dissipline gehandhaaf en orde gehou! Waarom het JaHWeH ons dan so hard en gevoelig gestraf?!

[10] Kyk, ons sou graag die helfte van die tienduisend pond aan die tempel wou skenk, as ons ons regmatige geld self sou ontvang. Ja, ons kan bowendien ook die ander vyfduisend pond aan die moontlik baie arme geloofsgenote van hierdie omgewing gee, as ons maar net uit die oogpunt van handel en afrekening, die hele betaling van die heidene kon ontvang!"

[11] **Markus** sê: "Ja, beste gaste en vriende, ondanks julle buitengewone aanbod sal dit tog baie moeilik wees! Maar praat eers met opperstadhouer Cyrenius, wat nou hier aanwesig is met nog drie Romeine, groot maghebbers! Hy kan miskien wel iets doen."

[12] **Die reisigers** sê: "Waar is hy, dan kan ons na hom toe gaan en hom baie eerbiedig ons probleem voorlê. Miskien gebeur daar dan wel weer 'n wonderwerk?! Want ons redding deur die jong loods was sonder meer 'n wonderwerk en geen geringe een nie! Maar ons loods het nou verdwyn en kom nie te voorskyn nie. Daarom kan ons hom nie die verskuldigde reddingsloon gee nie!"

[13] **Markus** sê: "Daar op die klein heuwel aan die see, waar die opperstadhouer en die ander hooghede hulleself bevind, het die loods hom ook teruggetrek. Daarheen kan julle sonder skroom gaan en alles reël."

[14] Maar daar is nog 'n sekere Persoon, gehul in 'n hemelsblou mantel met 'n roosrooi kleed uit één stuk daaronder, en Sy blonde hare golf weelderig oor Sy skouers. As julle Hom vir julle kan wen, kan julle van 'n groot voorreg spreek! Want Hy kan werklik alles doen en vir Hom is in 'n sekere sin niks onmoontlik nie! Maar dit sal wel moeilik wees om met Hom oor julle aangeleentheid te praat!"

[15] **Die reisigers** vra: "Wat en wie is Hy dan? Is Hy miskien familie van die keiser uit Rome, of dalk êrens koning van 'n groot ryk?"

[16] **Markus** sê: "Nog die een, nog die ander. Gaan dus maar, en miskien kan julle wel daaragter kom Wie daar onder die blou mantel skuil!"